

DIE AFRIKANERS IN ARGENTINIË

Rapport van Ds.Piek aan die Kommissie vir die Algemene Armesorg, op die vergadering van 27 Augustus, 1935.

B. Toe ek 'n paar weke in die gemeente was en Senator Malan vergesel het na sekere dele van die Boere-kolonie, het ek met hom saamgestem dat die toestand van die boere nie so kritiek is nie, en dat hulle goedskiks Argentinie hulle home kon maak, maar nou, na my 18 maande verkeer tussen hulle, kan ek nie anders nie dan heelhartig saam met 70 persent van die boere te stem in hulle verlange om terug te kom na die vaderland.

Hierdie heimwee van die Afrikaners is iets werkliks in Argentinie en spruit, afgesien van die verlange om in die vaderland te wees en om die vaderland self, uit gevare wat hulle ekonomiese, nasionale en godsdienstige bestaan bedreig in die nabye toekoms.

Ekonomiese gevare: Weens die druk van groot kompanjies, die onproduktiewiteit van die grond, die onmoontlikheid om vir die nageslag 'n heenkome op die grond te vind, die voorwaardes waarop hulle die grond moet besit, is die toestand van die bœer, hoewel hy nog genoeg te eet het, haglik, en die gevaar is dat die jong geslag sal moet uit-trek om werk te vind, wat sal beteken verlies van nasionaliteit en godsdienst.

Gevaar vir verlies van nasionaliteit: Daar die boere meer versprei tussen die Argentyners, en so nie instaat is om as 'n afrikaanse eenheid bymekaar te staan nie, en daar die jeug daar gebore, begin die oorhand kry oor die ouer geslag wat nog steeds hard veg vir hul nasionaliteit ~~Argentyners~~ is die gevaar pertinent dat in die nabye toekoms die Afrikaners hul nasionaliteit, deur ondertrou met die Argentyners en sosiale vermenging, sal verloor, en gepaard daarmee ook hul godsdienst.

Gevaar weens gebrek aan onderwys. Hoewel verskeie pogings gedoen is vir onderwys-fasilitate, en in die laaste jare veral geagteer is vir 'n kosskool, loop 200 kinders van skoolgaande ouderdom, sonder skool. In hierdie gebrek le die dreigende gevær dat die Afrikaners in Argentinie nie net ~~soek~~ swak verteenwoordigers van die Afrikanerdom sal word nie, maar ook die ikabot is van alles wat hul dierbaar is - hul taal, nasionaliteit, godsdienst, afrikanertrots, en afrikaner-selfresp ek.

Die meerderheid voel baie sterk oor hierdie geestelike skatte, so sterk dat hulle enige opofferings sal maak om terug te keer na hul vaderland. Vandaar ook die heimwee.

Gevaar vir verlies van Godsdienst. Hoewel die teenswoordige beleid van 'n geestelike arbeider tussen die boere, baie help om hul godsdienst lewend te hou, is dit, weens die groot ongodsdienstige stroom van Patagonia nie doelmatig om hulle van die smet van ongeloof te vry waar nie. Stedig maar seker werk die ongodsdienstige ~~mens~~ openbare mening van die land op onse mense in, en as hulle nie gelig word uit daardie omgewing nie is hulle gewis gedoem tot uiteindelike heiden-dom. Die ouer geslag besef dit, sien spore daarvan, en om hierdie rede verlang hulle om onder die vlerke van die moederkerk en hul land te kom. Weer 'n rede vir die heimwee.

As gevolg van die druk van hierdie gevare is ek daarvan oortuig dat dit die plig is van ons Kerk en Volk om 'n laaste poging te maak om ons mense terug te kry na hul vaderland.